CORY LIBRARY
MS 17 371
R.U.

# RHODES UNIVERSITY

## CONFERENCE OF S R C's - 13 APRIL 1978

DAMES EN HERE EN MEDE-STUDENTE (EN EK SÊ DIT DOELBEWUS OMDAT ELKE UNIVERSITEITS-GEGRADUEERDE LEWENSLANK 'N STUDENT BEHOORT TE BLY - DAAR IS ALTYD IETS OM TE LEER), DIT IS 'N GROOT VOORREG OM GENOOI TE WEES OM HIERDIE OPENINGSREDE TE LEWER. DAARDEUR HET U NIE ALLEEN AAN MY 'N EER BEWYS NIE, MAAR OOK AAN RHODES UNIVERSITEIT, WAT EK VERTEENWOORDIG, EN OOK AAN AL DIE REKTORE EN VISE-KANSELIERS VAN SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE, DAAR EK TANS OOK VOORSITTER IS VAN DIE KOMITEE VAN UNIVERSITEITSHOOGDE. U UITNODIGING BEELD DIE VERTROUE UIT WAT BEHOORT TE BESTAAN, EN GROTENDEELS WEL BESTAAN, TUSSEN REKTORE EN SVR'S. BAIE KRAS UITLATINGS WORD SOMTYDS GEMAAK OOR STUDENTE EN HUL VERTEENWOORDIGENDE ORGANISASIES. EK IS NIE EEN WAT SULKE SIENSWYSES DEEL NIE. AS EK MAG PLAGIAAT PLEEG BY WINSTON CHURCHILL : DIE SVR-STELSEL IS DIE SLEGSTE MOONTLIKE STELSEL - BEHALWE VIR AL DIE ANDER.

MY FIRST PLEASANT TASK IS TO WELCOME YOU ALL TO RHODES AND TO GRAHAMSTOWN. ALTHOUGH RHODES HAS THE SMALLEST STUDENT NUMBER OF ALL THE UNIVERSITIES REPRESENTED HERE TONIGHT WE YIELD TO NO-ONE IN OUR AMBITION TO BE AMONGST THE FRIENDLIEST AND MOST HOSPITABLE OF CAMPUSES. WE ARE ALSO VERY PROUD OF OUR BEAUTIFUL UNIVERSITY AND OF OUR CITY. YOU MAY SMILE WHEN I SAY CITY RATHER THAN "TOWN", BUT WE DO HAVE A VERY IMPOSING CATHEDRAL TO PROVE THE POINT. DURING YOUR STAY HERE I AM GOING TO ASK YOU TO DO YOURSELVES A FAVOUR. TAKE SOME TIME OFF TO SAVOUR WHAT WE HAVE TO OFFER. START AT OUR LIBRARY AND WALK SLOWLY DOWN THROUGH THE MAIN BLOCK, ON DOWN TO THE DROSTDY ARCH AND THEN INTO THE HIGH STREET.

MY TWEEDE TAAK IS OM 'N HARTLIKE WOORD VAN GELUKWENSING TE RIG AAN DIE GESAMENTLIKE ORGANISEERDERS - DIE SVR'S VAN RHODES EN UPE. ONS BETREKKINGE MET UPE IS GEWOONLIK VRIENDELIK, ALHOEWEL DAARDIE VRIENDELIKHEID SOMS LIGHARTIG GESTREMD RAAK WANEER ONS EENMAL PER JAAR BYMEKAAR KOM VIR INTERVARSITY. EK VERTROU DAT DIE GESONDE SAMEWERKING IN HIERDIE STREEK, WAT U GESAMENTLIKE AANBIEDING VAN HIERDIE KONFERENSIE UITBEELD, OP ALLE VLAKKE VAN KRAG TOT KRAG SAL GAAN. MY ENIGSTE SPYT IS DAT NIE AL DRIE DIE OOS-KAAPSE UNIVERSITEITE BETROKKE WAS NIE, MAAR VIR DAARDIE WEGLATING IS U NIE AANSPREEKLIK NIE - EN OOK NIE VIR DIE FEIT DAT NIE ALLE SVR'S OP UITNODIGINGS GEREAGEER HET NIE.

LAAT MY TOE OM U 'N VOORBEELD TE GEE VAN DIE BELAGLIKE EN TEEN-PRODUKTIEWE WYSE WAAROP MENSE KAN OPTREE WAT GRONDLIGGEND VERSKIL OOR DIEPGAANDE EN BELANGRIKE KWESSIES. DIE BEROEMDE BRITSE WETENSKAPLIKE, LORD KELVIN, HET EENMAL BESOEK AFGELÊ BY DIE GROOTSTE FRANSE WISKUNDIGE VAN SY TYD, AUGUSTIN-LOUIS CAUCHY, OM OOR WISKUNDE TE PRAAT. CAUCHY, WAT 'N BEVOOROORDEELDE KATOLIEK WAS, HET PROBEER OM DIE GELEENTHEID TE BENUT OM KELVIN, 'N STERK AANHANGER VAN DIE SKOTSE VRYE KERK, TOT DIE WARE GELOOF TE BEKEER. VOORDAT ONS TE HARD LAG VIR DIE SLEGTE MANIERE EN FANATISME VAN CAUCHY, LAAT ONS NET STILSTAAN EN ONSSELF AFVRA, OF ONS DAN NOU LINKS-GESIND OF REGS-GESIND MAG WEES, OF ONS GEHEEL-EN-AL ONSKULDIG IS VAN DAARDIE VERSTANDELIKE HOUDING.